KENNISGEWINGS VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERINGS VAN AGRI VOEDSEL BEPERK EN KAAP AGRI BEPERK OP 14 FEBRUARIE 2012

INHOUD

Kennisgewing aan Agri Voedsel Beperk aandeelhouers 1

Volmagvorm – Agri Voedsel Beperk 5

Kennisgewing aan Kaap Agri Beperk aandeelhouers 7

Volmagvorm – Kaap Agri Beperk 11

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

AGRI VOEDSEL BEPERK
Registrasienommer 2007/015880/06
Voortrekkerweg 65
Posbus 22
MALMESBURY
7299
12 Januarie 2012

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN AGRI VOEDSEL BEPERK (voorheen Kaap Agri Beperk)

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 62(1) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig, ("die Maatskappywet") dat die algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die maatskappy gehou sal word in die Kaap Agri Ledesaal, Voortrekkerweg 65, Malmesbury op Dinsdag, 14 Februarie 2012, om 11:00 met die doel om die volgende handelinge te verrig:

1. Finansiële state

Gewone besluit nommer 1

Besluit dat die direkteure se verslag sowel as die ouditkomitee se verslag en die geouditeerde finansiële state vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2011 oorweeg en aanvaar word.

Die rede vir gewone besluit nommer 1 is dat die Maatskappywet vereis dat die bogenoemde verslae en die geouditeerde finansiële state voorgelê moet word tydens die algemene jaarvergadering van die maatskappy.

2. Aanstelling van ouditeure

Gewone besluit nommer 2

Besluit dat die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Geïnk. as die ouditeure van die maatskappy en mnr DG Malan, as die individuele ouditeur wat die oudit sal waarneem, op aanbeveling van die maatskappy se ouditkomitee goedgekeur word en dat die ouditkomitee gemagtig word om hulle vergoeding te bepaal.

Die rede vir gewone besluit nommer 2 is dat die maatskappy, synde 'n publieke maatskappy, elke jaar tydens sy algemene jaarvergadering 'n ouditeur moet aanstel om sy finansiële state te oudit.

3. Verkiesing van direkteure

Gewone besluit nommer 3

Om direkteure te verkies en aan te stel ten einde die poste te vul wat ontstaan as gevolg van die uittrede of bedanking van direkteure. Die besonderhede van kandidate is soos volg:

3.1 Mnr GD Eksteen (Gebore 1942)
Boer en sakeman
Mnr Eksteen is 'n boer van Malmesbury. Hy het jare lank gedien op die direksie van WPK Beleggings Beperk en dien tans op die direksie van Kaap Agri Beperk. Hy het ook gedien op die direksie van Pioneer Voedsel Groep Beperk en dien tans op die direksie van Zeder Beleggings Beperk. Mnr Eksteen tree uit deur rotasie en is beskikbaar vir herverkiesing.

3.2 Mnr JH van Niekerk (Gebore 1956)
Boer en sakeman
Mnr Van Niekerk was 'n vlieënier in die SA Lugmag voordat hy begin boer het op sy plaas te Halfmanshof, Porterville. Hy het lank gedien op die direksie van Boland Agri Beherend Beperk en dien tans op die direksie van Kaap Agri Beperk, asook verskeie ander direksies. Mnr Van Niekerk tree uit deur rotasie en is beskikbaar vir herverkiesing.

3.3 Mnr CA Otto (Gebore 1949)
BComm LLB
Direkteur van maatskappye en medestigter van die PSG Groep
Mnr Otto dien tans op die direksie van Kaap Agri Beperk asook verskeie ander direksies. Hy tree uit deur rotasie en is beskikbaar vir herverkiesing.

Die doel en rede vir gewone besluit nommer 3 is dat die statute van die maatskappy bepaal dat ⅓ (een derde) van die maatskappy se direkteure jaarliks moet uittree.

Nota: Die direksie het aanbeveel dat die direksie van die maatskappy uit drie lede moet bestaan.

Addisionele inligting: Aandeelhouers word daarop gewys dat die voorstelling van 'n persoon vir verkiesing as direkteur onderworpe is aan die bepalings van artikel 14 en 22 van die maatskappy se statute wat onder meer die volgende voorskrifte bevat:

- Niemand buiten 'n uittredende direkteur is, tensy deur die direksie aanbeveel, bevoeg om as direkteur op enige algemene vergadering verkies te word nie, tensy hy deur minstens twee (2) lede as direkteur genomineer word, welke nominasie skriftelik moet wees en minstens veertien (14) dae voor die vergadering waarop die direkteur verkies sou word, ingedien moet word by die maatskappy se geregistreerde kantoor, tesame met toestemming van die genomineerde tensy laasgenoemde ook die voorsteller is.
- Die voorgestelde persoon moet sy nominasie skriftelik aanvaar welke aanvaarding aangeheg moet word by die betrokke nominasie.

4. Aanstelling van ouditkomitee

Gewone besluit nommer 4

Om die volgende lede van die ouditkomitee te verkies en aan te stel, welke aanstelling geldig sal wees tot die volgende algemene jaarvergadering.

Die kandidate is soos volg:
4.1 Mnr GD Eksteen
4.2 Mnr JH van Niekerk
4.3 Mnr CA Otto

Die rede vir gewone besluit nommer 4 is dat die Maatskappywet vereis dat die maatskappy, synde 'n publieke maatskappy, 'n ouditkomitee moet verkies tydens die algemene jaarvergadering van die maatskappy.

5. Magtiging om aandele uit te reik

Gewone besluit nommer 5

Besluit dat die onuitgereikte gewone aandele van die maatskappy onder beheer van die maatskappy se direksie geplaas word tot die volgende algemene jaarvergadering en die direksie hiermee gemagtig word om hierdie aandele uit te reik soos hulle goeddink onderhewig aan die maatskappy se statute en die bepalings van die Maatskappywet.

Die rede vir en die effek van gewone besluit nommer 5 is om die direksie in staat te stel om aandele uit te reik in omstandighede waar hulle dit nodig ag.

6. Memorandum van Inlywing

Spesiale besluit nommer 1

Besluit dat in terme van die bepalings van artikel 16 van die Maatskappywet die statute van die maatskappy gewysig word deur die statute in die geheel te vervang met 'n nuwe Memorandum van Inlywing, onderhewig aan die goedkeuring van die Kommissaris van die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom.

Die rede vir en effek van spesiale besluit nommer 1 is dat die bestaande statuut vervang moet word om aan te pas by die vereistes van die maatskappy en die nuwe Maatskappywet

Nota: Die Memorandum van Inlywing is ter insae beskikbaar by die maatskappy se hoofkantoor te Voortrekkerweg 65, Malmesbury.

7. Vergoeding van direkteure: 30 September 2011

Spesiale besluit nommer 2

Besluit dat die direkteursvergoeding vir die finansiële jaar wat eindig 30 September 2011 soos vervat in die finansiële state, goedgekeur word.

Die doel en rede vir spesiale besluit nommer 2 is dat die aandeelhouers die vergoeding van direkteure moet goedkeur.

8. Vergoeding van direkteure

Spesiale besluit nommer 3

Besluit dat die gesamentlike vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vir hulle dienste as direkteure, soos uiteengesit in die tabel hieronder, vir die tydperk wat geld tot die volgende algemene jaarvergadering in 2013 goedgekeur word.

Die rede vir spesiale besluit nommer 3 is om die aandeelhouers se goedkeuring vir die betaling van vergoeding aan sy nie-uitvoerende direkteure te bekom.

Die effek van die spesiale besluit is dat die maatskappy in staat sal wees om vergoeding aan sy nie-uitvoerende direkteure te betaal vir hulle dienste as direkteure tot die volgende algemene jaarvergadering.

	Jaarlikse vergoeding	
	Basies	Vergoeding
Direkteur	R30 000	R30 000
Voorsitter direksie	+25%	R40 000

9. Algemene magtiging om aandele terug te koop

Spesiale besluit nommer 4

Besluit dat die direksie hiermee gemagtig word by wyse van 'n hernubare algemene magtiging ingevolge die bepalings van die statute van die maatskappy en artikel 48(8)(a) van die Maatskappywet om tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, die koop van sy eie gewone aandele deur die maatskappy goed te keur vanaf enige persoon, insluitende 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of 'n persoon wat verwant is aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy (soos omskryf in die Maatskappywet), die koop van aandele in sy houermaatskappy en die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige van sy filiale, op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede as wat die direksie van tyd tot tyd mag bepaal, maar onderhewig aan die statute van die maatskappy en die bepalings van die Maatskappywet.

Addisionele inligting met betrekking tot spesiale besluit nommer 4

Die rede en effek van die spesiale besluit is om aan die direksie die algemene magtiging te verleen, om tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, die koop deur die maatskappy van sy eie aandele vanaf enige persoon, insluitende 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of 'n persoon wat verwant is aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of van aandele in sy houermaatskappy, of om die koop van aandele in die maatskappy deur 'n filiaal, goed te keur.

10. Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen aan verwante en interverwante maatskappye en korporasies

Spesiale besluit nommer 5

Besluit dat, tot die mate vereis ingevolge en onderhewig aan die bepalings van artikel 45 van die Maatskappywet, die aandeelhouers die maatskappy hiermee magtig, om ter enige tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee jaar wat 'n aanvang neem op die datum van hierdie spesiale besluit, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos bedoel in daardie artikel van die Maatskappywet te verleen aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye of korporasies (soos omskryf in die Maatskappywet) van die maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sulke verwante of interverwante korporasies en/of aan enige persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie, op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die direksie, of enige een of meer persone deur die direksie van tyd tot tyd daartoe gemagtig vir die doel, mag goeddink.

Addisionele inligting met betrekking tot spesiale besluit nommer 5

Die rede en effek van hierdie spesiale besluit is om aan die direksie die magtiging te verleen om die maatskappy te magtig om direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet te verleen aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye of korporasies van die maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sodanige verwante of interverwante korporasie en/of aan enige persoon verwant aan enige so 'n maatskappy of korporasie. In die omstandighede en ten einde, inter alia, te verseker dat die maatskappy se filiale en ander verwante en interverwante maatskappye en korporasies toegang het tot finansiering en/of finansiële bystand deur die maatskappy (in teenstelling tot slegs banke en ander derde party finansierders), is dit nodig om hierdie magtiging van aandeelhouers te kry.

Kennisgewing aan aandeelhouers van die maatskappy ingevolge artikel 45(5) van die Maatskappywet van 'n besluit aangeneem deur die direksie wat die maatskappy magtig om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen.

- Teen die tyd dat hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering aan aandeelhouers afgelewer is, sal die direksie 'n besluit aangeneem het ("artikel 45 direksiebesluit") wat die maatskappy magtig om, ter enige tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk wat 'n aanvang neem op die datum waarop spesiale besluit nommer 5 aangeneem is tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye of korporasies van die maatskappy en/of aan enige een of meer lede van enige sodanige verwante of interverwante korporasies en/of enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie, te verleen.
- Die artikel 45 direksiebesluit sal slegs van krag word as en tot die mate wat spesiale besluit nommer 5 aangeneem is deur die aandeelhouers en die verlening van enige sodanige direkte of indirekte finansiële bystand deur die maatskappy, na aanleiding van sodanige besluit, sal altyd onderhewig wees daaraan dat die direksie tevrede sal wees dat: (i) onmiddellik na die verlening van sodanige finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 45(3)(b)(i) van die Maatskappywet; en (ii) die bepalings waaronder sodanige finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die maatskappy sal wees soos bedoel in artikel 45(3)(b)(ii) van die Maatskappywet.

- Insoverre die artikel 45 direksiebesluit beoog dat sodanige finansiële bystand in totaal een tiende van een persent van die maatskappy se nettowaarde soos op datum van aanvaarding van die besluit sal oorskry, gee die maatskappy hiermee kennis van die artikel 45 direksiebesluit aan aandeelhouers. Sodanige kennisgewing sal ook gegee word aan enige vakbond wat die werknemers van die maatskappy verteenwoordig.

11. Om enige ander besigheid te onderneem wat by 'n algemene jaarvergadering onderneem kan word.

REKORDDATUM

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om geregistreer te wees in die aandeleregister van die maatskappy ten einde kennisgewing van die algemene jaarvergadering te ontvang is 11 Januarie 2012.

Die datum waarop aandeelhouers in die register opgeneem moet wees om die vergadering by te woon en daarop te stem, is Vrydag, 3 Februarie 2012, met die laaste dag vir verhandeling van aandele, Vrydag, 27 Januarie 2012.

GOEDKEURINGS VEREIS VIR BESLUITE

Die gewone besluite vervat in hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering vereis die goedkeuring deur meer as 50% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die algemene jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die statute van die maatskappy.

Die spesiale besluite vervat in hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering vereis die goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die algemene jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die statute van die maatskappy.

BYWONING EN STEMMING DEUR AANDEELHOUERS EN GEVOLMAGTIGDES

Enige aandeelhouer is geregtig om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aan te stel om die algemene jaarvergadering namens hom by te woon, daarop te praat en te stem. Die persoon so aangestel hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie. Behoorlik voltooide volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris gestuur word by Voortrekkerstraat 65, Posbus 22, Malmesbury, 7299 om deur hom ontvang te word minstens 48 uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansie dae uitgesluit) voor die tyd wat vir die vergadering bepaal is.

By stemming deur die opsteek van hande, het elke aandeelhouer van die maatskappy teenwoordig in persoon of verteenwoordig deur 'n gevolmagtigde slegs een stem. By stemming per stembrief, het elke aandeelhouer van die maatskappy een stem vir elke aandeel gehou in die maatskappy deur sodanige aandeelhouer.

BEWYS VAN IDENTIFIKASIE VEREIS

Die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om 'n aandeelhouersvergadering by te woon en daaraan deel te neem, redelike voldoende identifikasie op die vergadering moet voorlê. Persone wat die vergadering bywoon moet bewys van identifikasie tot die redelike bevrediging van die voorsitter van die vergadering voorlê en moet gevolglik 'n ID-dokument, paspoort of bestuurderslisensie saambring na die vergadering.

Op las van die direksie

RH Köstens
Maatskappysekretaris

AGRI VOEDSEL

Registrasienommer: 2007/015880/06

VOLMAG

Aantal aandele

Ek/Ons (volle naam) _____

van (adres) _____

synde 'n aandeelhouer van AGRI VOEDSEL BEPERK stel hiermee aan

_____ van _____ of indien nie hy nie

_____ van _____ of indien nie hy nie

_____ van _____ of indien nie hy nie,

die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde om op die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat gehou staan te word op 14 Februarie 2012 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem.

	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
Gewone besluit nommer 1: Finansiële state			
Gewone besluit nommer 2: Aanstelling van ouditeure			
Gewone besluit nommer 3: Verkiesing van direkteure			
GD Eksteen			
JH van Niekerk			
CA Otto			
Gewone besluit nommer 4: Aanstelling van ouditkomitee			
GD Eksteen			
JH van Niekerk			
CA Otto			
Gewone besluit nommer 5: Magtiging om aandele uit te reik			
Spesiale besluit nommer 1: Memorandum van inlywing			
Spesiale besluit nommer 2: Direkteursvergoeding 30 September 2011			
Spesiale besluit nommer 3: Vergoeding van direkteure			
Spesiale besluit nommer 4: Magtiging om aandele terug te koop			
Spesiale besluit nommer 5: Finansiële bystand aan verwante maatskappye			

(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis (X) in die ruimte hierbo voorsien.)
Tensy anders opgedra, kan my gevolmagtigde stem soos hy goeddink.

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 2012

_____
Handtekening

_____
Bygestaan deur (indien van toepassing)

Elke aandeelhouer is geregtig om een of meer gevolmagtigdes (geeneen van wie 'n aandeelhouer van die maatskappy hoef te wees nie) aan te stel om namens die aandeelhouer die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te praat en te stem.

Lees asseblief die notas op die volgende bladsy.

NOTAS

1. ‘n Aandeelhouer mag die naam van ‘n persoon of die name van twee alternatiewe persone van die aandeelhouer se keuse as die aandeelhouer se gevolmagtigde in die spasie(s) op die volmagvorm voorsien, invul, met of sonder die skrapping van “die voorsitter van die vergadering”, maar enige sodanige skrapping moet deur die aandeelhouer geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm aangedui word en wat by die vergadering aanwesig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde tot die uitsluiting van die ander gevolmagtigdes tydens die vergadering as gevolmagtigde op te tree.
2. Dui asseblief by wyse van ‘n kruisie in die toepaslike spasie aan hoe daar namens u gestem moet word. Versuim om aan die bogemelde te voldoen, sal geag word die gevolmagtigde te magtig om na goeddunke te stem of buite stemming te bly tydens die vergadering met betrekking tot al die stemme daartydens uitoefenbaar, onderworpe aan nota 3 hieronder.
3. Aandeelhouers moet daarop let dat indien hulle ‘n volmag, aanstelling of magtiging aan die voorsitter van die vergadering in sy hoedanigheid as sulks verleen om namens hulle tydens algemene vergaderings op te tree, en geen stemopdragte daarin aangedui word nie, die voorsitter of sy gedelegeerde die stemme verbonde aan die betrokke aandele in konsultasie met die direksie moet uitbring rakende hoe daar ten opsigte van tersaaklike voorgestelde besluite gestem behoort te word.
4. Hierdie volmag is slegs geldig indien die volmagvorm minstens 48 uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die tyd wat vir die vergadering bepaal is, terugbesorg word aan die **Maatskappysekretaris, Posbus 22, Malmesbury, 7299 (faksnommer 022 482 8008)**.
5. Die voltooiing en indiening van die volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om self die vergadering by te woon en daarop te praat en te stem tot die uitsluiting van enige gevolmagtigde daarkragtens aangestel nie.
6. Dokumentêre bewys wat die magtiging van ‘n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, bevestig, moet by die volmagvorm aangeheg word, tensy dit voorheen by die Maatskappysekretaris ingedien is, of die voorsitter van die vergadering afstand daarvan doen.
7. Enige wysiging van of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.
8. ‘n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid bewys, voorgelê word of is by die Maatskappysekretaris.
9. Die voorsitter van die vergadering mag enige volmagvorm wat voltooi word in stryd met hierdie aantekeninge, aanvaar indien hy tevrede gestel word met betrekking tot die wyse waarop die betrokke aandeelhouer wens te stem.
10. Diegene wat nie aandele hou in eie naam nie moet met hulle makelaars in verbinding tree om die toepaslike reëlings te tref met betrekking tot bywoning op die vergadering.

KAAP AGRI BEPERK
Registrasienommer 2011/113185/06
Voortrekkerweg 65
Posbus 22
MALMESBURY
7299
12 Januarie 2012

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN KAAP AGRI BEPERK (voorheen Newco)

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 62(1) van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig ("die Maatskappywet") dat die algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die maatskappy gehou sal word in die Kaap Agri Ledesaal, Voortrekkerweg 65, Malmesbury op Dinsdag, 14 Februarie 2012, na afloop van die algemene jaarvergadering van Agri Voedsel Beperk, met die doel om die volgende handelinge te verrig:

1. Aanstelling van ouditeure

Gewone besluit nommer 1

Besluit dat die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Geïnk., as die ouditeure van die maatskappy en mnr DG Malan as die individuele geregistreerde ouditeur wat die oudit sal onderneem, op aanbeveling van die maatskappy se ouditkomitee goedgekeur word en dat die ouditkomitee hulle vergoeding sal bepaal.

Die rede vir gewone besluit nommer 1 is dat die maatskappy, synde 'n publieke maatskappy, se finansiële state jaarliks geoudit moet word en dat die ouditeure jaarliks aangestel moet word tydens die algemene jaarvergadering van die maatskappy.

2. Finansiële state

Aangesien hierdie maatskappy 'n nuwe maatskappy is, is geen finansiële state beskikbaar nie. Aandeelhouers word daarop gewys dat die groepstate van die Kaap Agri groep deel vorm van die jaarverslag van Agri Voedsel Beperk (voorheen Kaap Agri Beperk), registrasienommer 2007/015880/06.

3. Verkiesing van direkteure

Gewone besluit nommer 2

Om direkteure te verkies en aan te stel ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet en die maatskappy se Memorandum van Inlywing. Daar bestaan 10 vakatures en besonderhede van die kandidate is soos volg:

3.1 Mnr BS du Toit (Gebore 1957)
B Landbou-bestuur
Boer van Op-die-Berg, Ceres
Direkteur van verskeie maatskappye
Mnr Du Toit is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

3.2 Me FA du Plessis (Gebore 1954)
BComm LLB, BComm (Hons) (Belasting), GR(SA)
Direkteur van Loubser du Plessis Ouditeure en Belastingadviseurs.
Deeltydse lektor by die Departement Rekeningkunde – Universiteit van Stellenbosch
Advokaat van die Hooggeregshof, Kaapstad
Direkteur van verskeie maatskappye
Me Du Plessis is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Sy is beskikbaar vir herverkiesing

3.3 Mnr GD Eksteen (Gebore 1942)
Boer, Malmesbury
Direkteur van verskeie maatskappye
Mnr Eksteen is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

3.4 Dr ASM Karaan (Gebore 1968)
BSc Agric, BSc (Hons), MSc Agric (cum laude), PhD
Dekaan van die Fakulteit Agriwetenskappe – Universiteit van Stellenbosch
Direkteur van verskeie maatskappye
Dr Karaan is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

3.5 Mnr NC Loubser (Gebore 1951)
Boer, Robertson
Mnr Loubser is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

3.6 Mnr HS Louw (Gebore 1954)
BSc Landbou
Boer, Rawsonville
Mnr Louw is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

3.7 Mnr CA Otto (Gebore 1949)
BComm LLB
Mede-stigter, PSG Groep
Direkteur van verskeie maatskappye
Mnr Otto is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

3.8 Mnr HM Smit (Gebore 1963)
BEcon, M (Stads- en Streeksbeplanning)
Boer, Eendekuil
Mnr Smit is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

3.9 Me S Totaram (Gebore 1978)
BAcc, PG Dip Acc, GR(SA), CFA
Direkteur van verskeie maatskappye
Me Totaram is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Sy is beskikbaar vir herverkiesing

3.10 Mnr JH van Niekerk (Gebore 1956)
Boer, Halfmanshof, Porterville
Mnr Van Niekerk is 'n direkteur van die maatskappy en tree uit deur rotasie
Hy is beskikbaar vir herverkiesing

Die rede vir gewone besluit nommer 2 is dat die maatskappy se Memorandum van Inlywing en die Maatskappywet vereis dat 'n bepaalde komponent van die direksie jaarliks moet roteer.

Nota: Ingevolge die Memorandum van Inlywing van die maatskappy is aandeelhouers geregtig om direkteure vir die direksie te nomineer. Nominasies vir direkteure sowel as die skriftelike aanvaarding van die nominasie deur die voorgestelde kandidaat moet by die maatskappy se hoofkantoor te Malmesbury ingedien word ten minste 10 dae voor die vasgestelde aanvangstyd van die vergadering.

4. Aanstelling van ouditkomitee

Gewone besluit nommer 3

Om lede van die maatskappy se ouditkomitee te verkies welke lede aangestel word en sal dien vir die tydperk tot die volgende algemene jaarvergadering.

Die kandidate is soos volg:
4.1 Me FA du Plessis
4.2 Mnr CA Otto
4.3 Me S Totaram
4.4 Mnr BS du Toit

Die rede vir gewone besluit nommer 3 is dat die Maatskappywet vereis dat die maatskappy, synde 'n publieke maatskappy, 'n ouditkomitee verkies en aanstel tydens die algemene jaarvergadering.

5. Magtiging om aandele uit te reik

Gewone besluit nommer 4

Besluit dat die onuitgereikte gewone aandele van die maatskappy onder beheer van die maatskappy se direksie geplaas word tot die volgende algemene jaarvergadering en die direksie hiermee gemagtig word om hierdie aandele uit te reik soos hulle goeddink onderhewig aan die maatskappy se statute en die bepalings van die Maatskappywet.

Die rede vir en die effek van gewone besluit nommer 4 is om die direksie in staat te stel om aandele uit te reik in omstandighede waar hulle dit nodig ag.

6. Goedkeuring van nie-uitvoerende direkteure se vergoeding

Spesiale besluit nommer 1

Besluit dat die gesamentlike vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure vir hulle dienste as direkteure, soos uiteengesit in die tabel hieronder, vir die tydperk wat geld tot die volgende algemene jaarvergadering in 2013 goedgekeur word.

Die rede vir spesiale besluit nommer 1 is om die aandeelhouers se goedkeuring vir die betaling van vergoeding aan sy nie-uitvoerende direkteure te bekom.

Die effek van die spesiale besluit is dat die maatskappy in staat sal wees om vergoeding aan sy nie-uitvoerende direkteure te betaal vir hulle dienste as direkteure tot die volgende algemene jaarvergadering.

	Jaarlikse vergoeding	
	Basies	Vergoeding
Direkteur	R107 000	R107 000
Lid van komitee	+25%	R133 750
Lid van ouditkomitee	+50%	R160 500
Voorsitter van komitee	+50%	R160 500
Voorsitter van ouditkomitee	+100%	R214 000
Ondervoorsitter direksie	+50%	R160 500
Voorsitter direksie	+150%	R267 500

7. Algemene magtiging om aandele terug te koop

Spesiale besluit nommer 2

Besluit dat die direksie hiermee gemagtig word by wyse van 'n hernubare algemene magtiging ingevolge die bepalings van die Memorandum van Inlywing van die maatskappy en artikel 48(8)(a) van die Maatskappywet om tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, die koop van sy eie gewone aandele deur die maatskappy goed te keur vanaf enige persoon, insluitende 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of 'n persoon wat verwant is aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy (soos omskryf in die Maatskappywet), die koop van aandele in sy houermaatskappy en die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige van sy filiale, op sodanige bepalings en voorwaardes en in sodanige hoeveelhede as wat die direksie van tyd tot tyd mag bepaal, maar onderhewig aan die Memorandum van Inlywing van die maatskappy en die bepalings van die Maatskappywet.

Addisionele inligting met betrekking tot spesiale besluit nommer 2

Die rede en effek van die spesiale besluit is om aan die direksie die algemene magtiging te verleen, om tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, die koop deur die maatskappy van sy eie aandele vanaf enige persoon, insluitende 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of 'n persoon wat verwant is aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy, of van aandele in sy houermaatskappy, of om die koop van aandele in die maatskappy deur 'n filiaal, goed te keur.

8. Algemene magtiging om finansiële bystand te verleen aan verwante en interverwante maatskappye en korporasies

Spesiale besluit nommer 3

Besluit dat, tot die mate vereis ingevolge en onderhewig aan die bepalings van artikel 45 van die Maatskappywet, die aandeelhouers die maatskappy hiermee magtig, om te eniger tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk van twee jaar wat 'n aanvang neem op die datum van hierdie spesiale besluit, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos bedoel in daardie artikel van die Maatskappywet te verleen aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye of korporasies (soos omskryf in die Maatskappywet) van die maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sulke verwante of interverwante korporasies en/of aan enige persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie, op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die direksie, of enige een of meer persone deur die direksie van tyd tot tyd daartoe gemagtig vir die doel, mag goeddink.

Addisionele inligting met betrekking tot spesiale besluit nommer 3

Die rede en effek van hierdie spesiale besluit is om aan die direksie die magtiging te verleen om die maatskappy te magtig om direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet te verleen aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye of korporasies van die maatskappy en/of aan enige een of meer lede van sodanige verwante of interverwante korporasie en/of aan enige persoon verwant aan enige so 'n maatskappy of korporasie. In die omstandighede en ten einde, inter alia, te verseker dat die maatskappy se filiale en ander verwante en interverwante maatskappye en korporasies toegang het tot finansiering en/of finansiële bystand deur die maatskappy (in teenstelling tot slegs banke en ander derde party finansierders), is dit nodig om hierdie magtiging van aandeelhouers te kry.

Kennisgewing aan aandeelhouers van die maatskappy ingevolge artikel 45(5) van die Maatskappywet van 'n besluit aangeneem deur die direksie wat die maatskappy magtig om direkte of indirekte finansiële bystand te verleen.

- Teen die tyd dat hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering aan aandeelhouers afgelewer is, sal die direksie 'n besluit aangeneem het ("artikel 45 direksiebesluit") wat die maatskappy magtig om, ter enige tyd en van tyd tot tyd gedurende die tydperk wat 'n aanvang neem op die datum waarop spesiale besluit nommer 3 aangeneem is tot en met die datum van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy, enige direkte of indirekte finansiële bystand soos beoog in artikel 45 van die Maatskappywet aan enige een of meer verwante of interverwante maatskappye of korporasies van die maatskappy en/of aan enige een of meer lede van enige sodanige verwante of interverwante korporasies en/of enige een of meer persone verwant aan enige sodanige maatskappy of korporasie, te verleen.
- Die artikel 45 direksiebesluit sal slegs van krag word as en tot die mate wat spesiale besluit nommer 3 aangeneem is deur die aandeelhouers en die verlening van enige sodanige direkte of indirekte finansiële bystand deur die maatskappy, na aanleiding van sodanige besluit, sal altyd onderhewig wees daaraan dat die direksie tevrede sal wees dat: (i) onmiddellik na die verlening van sodanige finansiële bystand, die maatskappy sal voldoen aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 45(3)(b)(i) van die Maatskappywet; en (ii) die bepalings waarkragtens sodanige finansiële bystand verleen sal word billik en redelik teenoor die maatskappy sal wees soos bedoel in artikel 45(3)(b)(ii) van die Maatskappywet.
- Insoverre die artikel 45 direksiebesluit beoog dat sodanige finansiële bystand in totaal een tiende van een persent van die maatskappy se netto waarde soos op datum van aanvaarding van die besluit sal oorskry, gee die maatskappy hiermee kennis van die artikel 45 direksiebesluit aan aandeelhouers. Sodanige kennisgewing sal ook gegee word aan enige vakbond wat die werknemers van die maatskappy verteenwoordig.

9. Om enige ander besigheid te onderneem as wat by 'n algemene jaarvergadering onderneem kan word.

REKORDDATUM

Die rekorddatum ingevolge artikel 59 van die Maatskappywet vir aandeelhouers om geregistreer te wees in die aandeleregister van die maatskappy ten einde kennisgewing van die algemene jaarvergadering te ontvang is 11 Januarie 2012.

Die datum waarop aandeelhouers in die register opgeneem moet wees om die vergadering te kan bywoon en daarop te stem, is Vrydag, 3 Februarie 2012, met die laaste dag vir verhandeling van aandele, Vrydag, 27 Januarie 2012.

GOEDKEURINGS VEREIS VIR BESLUITE

Die gewone besluite vervat in hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering vereis die goedkeuring deur meer as 50% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die algemene jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Memorandum van Inlywing van die maatskappy.

Die spesiale besluite vervat in hierdie kennisgewing van algemene jaarvergadering vereis die goedkeuring deur ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van die besluite deur aandeelhouers wat teenwoordig is of by volmag op die algemene jaarvergadering verteenwoordig is, onderworpe aan die bepalings van die Maatskappywet en die Memorandum van Inlywing van die maatskappy.

BYWONING EN STEMMING DEUR AANDEELHOUERS EN GEVOLMAGTIGDES

Enige aandeelhouer is geregtig om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes aan te stel om die algemene jaarvergadering namens hom by te woon, daarop te praat en te stem. Die persoon so aangestel hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie. Behoorlik voltooide volmagvorms moet aan die Maatskappysekretaris gestuur word by Voortrekkerstraat 65, Posbus 22, Malmesbury, 7299 om deur hom ontvang te word minstens 48 uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansie dae uitgesluit) voor die tyd wat vir die vergadering bepaal is.

By stemming deur die opsteek van hande, het elke aandeelhouer van die maatskappy teenwoordig in persoon of verteenwoordig deur 'n gevolmagtigde slegs een stem. By stemming per stembrief, het elke aandeelhouer van die maatskappy een stem vir elke aandeel gehou in die maatskappy deur sodanige aandeelhouer.

BEWYS VAN IDENTIFIKASIE VEREIS

Die Maatskappywet vereis dat enige persoon wat van voorneme is om 'n aandeelhouersvergadering by te woon en daaraan deel te neem, redelike voldoende identifikasie op die vergadering moet voorlê. Persone wat die vergadering bywoon moet bewys van identifikasie tot die redelike bevrediging van die Voorsitter van die vergadering voorlê en moet gevolglik 'n ID-dokument, paspoort of bestuurderslisensie saambring na die vergadering.

Op las van die direksie

RH Köstens
Maatskappysekretaris

KAAP AGRI

Registrasienommer: 2011/113185/06

VOLMAG

Aantal aandele _____

Ek/Ons (volle naam) _____

van (adres) _____

synde 'n aandeelhouer van KAAP AGRI BEPERK stel hiermee aan

_____ van _____ of indien nie hy nie

_____ van _____ of indien nie hy nie

_____ van _____ of indien nie hy nie, die voorsitter van die vergadering as my/ons gevolmagtigde om op die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat gehou staan te word op 14 Februarie 2012 en enige verdaging daarvan, soos volg namens en ten behoewe van my/ons te stem.

	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
Gewone besluit nommer 1: Aanstelling van ouditeure			
Gewone besluit nommer 2: Verkiesing van direkteure			
BS du Toit			
FA du Plessis			
GD Eksteen			
ASM Karaan			
NC Loubser			
AS Louw			
CA Otto			
AM Smit			
S Totaram			
JH van Niekerk			
Gewone besluit nommer 3: Aanstelling van ouditkomitee			
FA du Plessis			
CA Otto			
S Totaram			
BS du Toit			
Gewone besluit nommer 4: Magtiging om aandele uit te reik			
Spesiale besluit nommer 1: Vergoeding van direkteure			
Spesiale besluit nommer 2: Magtiging om aandele terug te koop			
Spesiale besluit nommer 3: Finansiële bystand aan verwante maatskappye			

(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruis (X) in die ruimte hierbo voorsien.)
Tensy anders opgedra, kan my gevolmagtigde stem soos hy goeddink.

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 2012

_____
Handtekening

_____
Bygestaan deur (indien van toepassing)

Elke aandeelhouer is geregtig om een of meer gevolmagtigdes (geeneen van wie 'n aandeelhouer van die maatskappy hoef te wees nie) aan te stel om namens die aandeelhouer die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te praat en te stem.

Lees asseblief die notas op die volgende bladsy.

NOTAS

1. ‘n Aandeelhouer mag die naam van ‘n persoon of die name van twee alternatiewe persone van die aandeelhouer se keuse as die aandeelhouer se gevolmagtigde in die spasie(s) op die volmagvorm voorsien, invul, met of sonder die skrapping van “die voorsitter van die vergadering”, maar enige sodanige skrapping moet deur die aandeelhouer geparafeer word. Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm aangedui word en wat by die vergadering aanwesig is, sal geregtig wees om as gevolmagtigde met die uitsluiting van die ander gevolmagtigdes tydens die vergadering as gevolmagtigde op te tree.
2. Dui asseblief by wyse van ‘n kruisie in die toepaslike spasie aan hoe daar namens u gestem moet word. Versuim om aan die bogemelde te voldoen, sal geag word die gevolmagtigde te magtig om na goeddunke te stem of buite stemming te bly tydens die vergadering met betrekking tot al die stemme daartydens uitoefenbaar, onderworpe aan nota 3 hieronder.
3. Aandeelhouers moet daarop let dat indien hulle ‘n volmag, aanstelling of magtiging aan die voorsitter van die vergadering in sy hoedanigheid as sulks verleen om namens hulle tydens algemene vergaderings op te tree, en geen stemopdragte daarin aangedui word nie, die voorsitter of sy gedelegeerde die stemme verbonde aan die betrokke aandele in konsultasie met die direksie moet uitbring rakende hoe daar ten opsigte van tersaaklike voorgestelde besluite gestem behoort te word.
4. Hierdie volmag is slegs geldig indien die volmagvorm minstens 48 uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die tyd wat vir die vergadering bepaal is, terugbesorg word aan die **Maatskappysekretaris, Posbus 22, Malmesbury, 7299 (faksnommer 022 482 8008)**.
5. Die voltooiing en indiening van die volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om self die vergadering by te woon en daarop te praat en te stem met die uitsluiting van enige gevolmagtigde daarkragtens aangestel nie.
6. Dokumentêre bewys wat die magtiging van ‘n persoon wat die volmagvorm in verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, bevestig, moet by die volmagvorm aangeheg word, tensy dit voorheen by die Maatskappysekretaris ingedien is, of die voorsitter van die vergadering afstand daarvan doen.
7. Enige wysiging van of toevoeging tot die volmagvorm moet deur die ondertekenaar(s) geparafeer word.
8. ‘n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word, tensy die betrokke dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid bewys, voorgelê word of by die Maatskappysekretaris is.
9. Die voorsitter van die vergadering mag enige volmagvorm wat voltooi word in stryd met hierdie aantekeninge, aanvaar indien hy tevrede gestel word met betrekking tot die wyse waarop die betrokke aandeelhouer wens te stem.
10. Diegene wat nie aandele hou in eie naam nie moet met hulle makelaars in verbinding tree om die toepaslike reëlings te tref met betrekking tot bywoning op die vergadering.

AGRI VOEDSEL BEPERK
Registrasienommer 2007/015880/06
Voortrekkerweg 65
Posbus 22
MALMESBURY
7299
Telefoonnommer: 022 482 8000
Faksnommer: 022 482 8008

KAAP AGRI BEPERK
Registrasienommer 2011/113185/06
Voortrekkerweg 65
Posbus 22
MALMESBURY
7299
Telefoonnommer: 022 482 8000
Faksnommer: 022 482 8008